Eikenhof Poultry Farms het R20 miljoen belê om vloeibare eiers van vrylopende hoenders aan Woolworths te verskaf. Vloeibare eiers is eiers wat uit die dop gehaal, gefiltreer, gepasteuriseer en tot onder 4 °C verkoel en dan verpak word. Die eierdoppe word deur komposvervaardigers gebruik.

WOOLWORTHS

Vloeibare eiers op groot skaal gebruik

Letitia Watson

Kaapstad. – Woolworths, wat sedert 2000 eiers van vrylopende hoenders verkoop, voer sy passie vir die geveerdes nóg verder.

Hy is die eerste Suid-Afrikaanse kleinhandelaar wat na vloeibare eiers van vrylopende hoenders as bestanddeel in sy produkte oorskakel.

Woolworths se behoefte aan sulke eiers het daartoe gelei dat Eikenhof Poultry Farms van Durbanville R20 miljoen belê het in 'n nuwe produksiegerief wat die eiers kan verwerk.

Eikenhof, wat deel is van die Melsetter-groep, is een van Woolworths se grootste eierverskaffers.

"Die helfte van al Woolworths se produkte wat eiers bevat, sal waarskynlik teen Maart 'n plakker hê wat wys dat dit met die eiers van vrylopende hoenders gemaak is," sê me. Zyda Rylands, Woolworths se besturende direkteur vir voedsel.

Die oorskakeling sal voortgaan totdat net dié eiers gebruik word. Volgens Rylands gaan dit nie die produkte duurder maak nie.

Sy sê dit was altyd deel van Woolworths se plan om na die gebruik van vloeibare eiers van vrylopende hoenders oor te skakel. Dis trouens deel van die groep se Good Business Journey om boerderye met vrylopende diere te ondersteun.

Die oorskakeling na vloeibare eiers is egter nie 'n vinnige proses nie, want die voorraad is baie beperk.

R20 m.

Eikenhof Poultry Farms het R20 miljoen in 'n nuwe produksiegerief belê om vloeibare eiers van vrylopende hoenders aan die groep te verskaf.

"Ons gebruik sowat 180 ton vloeibare eier per maand. Dit beteken ons verskaffers moet miljoene rande belê in meer hoenderhuise en verwerkingsgeriewe.

"Hulle moet ook aansienlik meer hoenders kry omdat henne eers op sowat vyf maande begin lê.

"Die gemiddelde vrylopende hoender lê sowat 20 eiers per maand en 1 kg vloeibare eier bevat 23 eiers. Ons het 180 000 kg nodig."

Rylands sê die eiers word getoets om te bevestig dat dit nie skadelike mikroörganismes bevat nie.

"Die vrylopende hoenders woon in groot skure met oop kante van ogiesdraad wat vars lug en natuurlike lig inlaat. Bedags kan hulle buite skrop en pik en die hoenders se dieet het ook nie dierebyprodukte in nie."

Me. Wendy Hardy, 'n kampvegter vir diereregte wat tot die vereniging Concerned Consumers behoort, sê Woolworths se stappe wys hy luister na sy klante, ten spyte van 'n moeilike finansiële omgewing.